



O.B.-Motors na
Kiesafdelings
Waar Eenheid
Is
(Blad 8)

Geen Vooruitgang In Partystelsel Nie Sê Genl. Smuts

Selfs die aartsaanhanger van Britse stelsels, veldm. J. C. Smuts, begin nou al twyfel aan die deugde van die Britse partystelsel. Verlede week het hy in Johannesburg verklaar: „Die land kan baie vrugbaarder gemaak word. Suid-Afrika behoort baie meer kos

te produseer. Die basiese benodighede van die land behoort plaaslik vervaardig te word. „Maar om sy roeping te vervul sal Suid-Afrika die onsinige partypolitiek, wat hom totnogtoe verdeel gehou het, moet laat staan.”

Twée Beleide Een Skeuring

Op hierdie bladsy verskyn 'n woordelike weer-gawe van die O.B.-beleid soos dit in 1943 deur die Grootraad geformuleer is. Die Ossewabrandwag het nog geen rede gesien om daarvan af te wyk nie.

Op bladsy twee verskyn 'n woordelike herkaling van die „toekomsbeleid” van die Federale Raad van die H.N.P. soos in 1941 gepubliseer. Dit stem grootliks ooreen met die O.B.-beleid, maar vandag verloor dr. Malan hierdie „Toekomsbeleid” en noem hy dit 'n „vreemde ideologie”. Dit was teweens sy „enigste” rede waarom hy in die verkiesing nie die O.B. se hand wou vat nie.

ENGELAND SAL DALK MOET DEVALUEER

As Amerika dit nodig ag dat lande wat Marshall-hulp ontvang, moet devalueer, dan kan hy dit eis, het ekonomiese adviseurs van pres. Truman verlede week verklaar. In amptelike Amerikaanse kringe word reeds aangeneem dat die Britse pond later sal moet devalueer. Die Britse pond is tans vier dollars werd. In Britse kringe is die gerugte egter ontken.

O.B.-Beleid Soos Reeds In 1943 Gepubliseer

Herhaaldelik word daar deur vyande van die Ossewabrandwag hom dinge om die nek gehang wat hulle uit die lug gryp maar wat in hul stryd teen mede-Afrikaners handig te pas kom. So het die leier van die H.N.P., dr. D. F. Malan, 'n paar weke gelede uit sy pad gegaan om die Ossewabrandwag „Nasionaal-sosialisme” om die nek te hang en verklaar dat dit die struikelblok is waarom hy nie vrede met die O.B. kan maak nie.

Die Ossewabrandwag het niks in sy verlede wat hy hoof weg te steek nie en ons publiseer hier by herhaling die beleidsformulering van die Ossewabrandwag soos uitgereik deur die Grootraad in November 1943 en onderteken deur die K.G. dr. J. F. J. van Rensburg:

„1. VERENIGDE VOLKSPOLITIEK IN PLAAS VAN DIE VERDELENDE PARTY-POLITIEK: Die partystelsel moet vervang word deur die eenheidsorganisasie van die volk in 'n allesomvattende Volksbeweging. Dit moet die gesinsgemeenskappe bevat, maar ook die verskillende werkgemeenskappe en die kultuurgemeenskappe sowel as die staatsgemeenskap. Sodoende snoer dit alle volkskrigte in een totaliteit saam tot bevestiging en bestendiging van die Republiek.

„2. EENHEIDSTAAT IN PLAAS VAN BESTAANDE

BONTE MENGELMOES: Om die huidige parlementêre, provinsiale en munisipale instellings te vervang, moet daar een kragtige en deskundige gesagsregering wees oor die hele land, met inskakeling van ware volks- en beroepsverteenvoording op alle gebiede en in alle belange.

„3. SEGGENSKAP VIR DIE BEROEPE: Die verskillende beroepe moet in staat gestel word om elk in sy eie huis skoon te maak en sy sake te bestuur, met verteenwoordiging in die regering, onder die koördinerende leiding van die staat en met medewerking van die volksbeweging.

„4. NET VOLKSGENOOT KAN BURGER WORD: Slegs volksgenote of potensieële volksgenote, d.w.s. slegs blankes wat assimileerbaar blyk kan burgers word. Dus, benewens Afrikaans- en Engelssprekende burgers van vandag, ook ander van Europese afkoms. Maar burgerskap is afhanklik van onverdeelde trou teenoor Suid-Afrika. Ander blanke persone geniet wel gasreg, dog geen burgerreg nie.

„5. GELEIDELIKE SEGREGASIE: Nie-blankes word met tertyd uitgeskei uit blanke gebiede met die oog op rasse-suiwerheid en rasegte ontwikkeling van alle elemente. Alles egter met behoorlike inagneming van arbeidsvereistes.

„6. AFRIKA VIR DIE AFRIKANER: Die Afrikaner aanvaar sy taak om die Christelike nasionale ontwikkeling van Suidelike Afrika te lei in aansluiting by die Westerse kultuurkring en in samewerking met die verwante blanke volkere wat daarby belang het.

„7. CHRISTELIK-NASIONAAL IN PLAAS VAN LIBERAAL: Die Christelike-nasionale ontwikkeling van die eie volkslewe en van inheemse kleurlinge en naturelle word in die besonder verseker deur volle samewerking met die erkende Christelike kerke deur uitsake-

ling van 'n daarmee strydige propaganda van rassevermenging of rassehaat, deur beheer oor die verskillende propagandamiddels en 'n deeglik Christelike-nasionale hervorming van die skoolwese vir die verskillende volks- en bevolkingsgroepe.

„8. WERKLOOSHEID IS 'N REFLEKSIE OP DIE STAAT EN NIE OP DIE WERKSOEKENDE VOLKSGENOOT NIE: Volksorg word gerig op die versekering van gesonde huisgesinne en op welvarende arbeid. Werkloosheid kan nie geduld word nie en die werker word in die volksgeheel ingeskakel om hom so ver mensmoontlik te beskerm teen alle onsekerhede van die lewensonderhoud uit arbeid.

„9. LANDSRYKDOM IS VIR VOLKSDIENS DAAR: Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding, in die eerste instansie deur die eie inisiatief van die staatsburgers ten volle ontwikkel in volksbelang. Die rykdom aldus geproduseer word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers in die produksieproses.

„10. GEEN KAPITALISME EN OOK GEEN KOMMUNISME NIE: Die Kapitalisme met sy uitbuitende en anti-nasionale beheer, veral oor die mynbou, die fabriekswese, die handel en

Hele Volk Ingeskakel In Bestuur Van Land

die geldmark word ingekort of afgeskakel; produksiepryse, -winste en -skulde word beheer; spekulasie met grond, wonings-, voedings- en kledingsmiddele van die volk word beheer. Die godlose en raslose Kommunisme word deur 'n Christelike en volkseie sosialisme teengewerk en vernietig.”

Bostaande is in breë trekke die Ossewabrandwag se opvatting van die volkspolitiek; en na vyf jaar staan die O.B. nog by elke woord daarvan.

O.B. STEM NIE IN VICTORIA - WES

Lede van die Ossewabrandwag in die kiesafdeling Victoria-Wes kon nie vir die H.N.P.-kandidaat, mnr. P. K. le Roux, stem nie omdat mnr. Le Roux na onderhandelings geweier het om vrede met die Ossewabrandwag te maak.

Genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van Wes-Kaapland, wat die afgelope tien dae 'n reis deur die Noordweste onderneem het, het samesprekings met die H.N.P.-kandidaat gehad, maar hy het verkies om sy leier se vyandige beleid tot die einde voort te sit.

BY DIE EETMAAL



Na afloop van die Gebiedsaamtrek te Pretoria op 1 Mei waar die O.B. besluit het om nie vir vyandige H.N.P.-kandidate te stem nie, is daar gedurende die aand 'n eetmaal in die Afrikaner-Koffiehuus gehou ter stywing van die Noodhulpfonds. Die K.G. en mev. dr. Van Rensburg wat die saal hier binnekom, was gaste by dié geleentheid.

Twée Offisiere Lewer 54 Nuwe Intekenare

Wat kan gebeur op die gebied van intekening vir DIE O.B. wanneer offisiere 'n bietjie uit hul pad gaan om intekenare vir hul blad te werf, blyk uit die resultate wat wagtkomdt. E. A. Nel van Wilgenhoutsdrift gelewer het binne een enkele week.

Na die Worcesterse laertrek, waar hy in bevel was van die vragmotor wat 600 myl ver met 'n groep afgevaardigdes gekom het, het komdt. Nel hom begin beywer vir intekenare. Binne een week het ons reeds 22 name van hom ontvang saam met die intekengeld!

Saam met komdt. Nel moet ook die naam genoem word van komdt. D. J. M. Cronjé van Heilbron wat in die kompetisie van Die O.B. totsover nog voorloop met 'n totaal van 32.

Enige persoon wat voor 30 Junie tien intekenare besorg, ten volle opbetaald vir een jaar, ontvang sy blad vir twee jaar gratis.

Vir ses intekenare ontvang hy dit vir een jaar gratis, terwyl die een wat die meeste intekenare werf, boonop nog 'n duur vulpen as prys sal ontvang.

FEDERALE RAAD VIR H.N.P. SE TOEKOMSBELEID VIR 1941

Op 10 April 1941 het die Federale Raad van die Herenigde Nasionale Party hul „toekomsbeleid” gepubliseer in 'n brosjure onder die opskrif „Die Republikeinse Orde — Party se Toekomsbeleid soos deur dr. Malan uiteengesit.”

Die eerste deel van die brosjure word gewy aan „Die Federale Raad oor Toekomsbeleid” en gevolg deur twee toesprake van dr. D. F. Malan waarin hy die beleid verduidelik. Aan die einde van die brosjure word 'n opsomming van die beleid gegee. Ons plaas dit woordeliks soos dit op bladsye 21, 22 en 22 verskyn (met ons eie onderstreping):

„1. Omtrent die verbreking van die Britse konneksie en die stigting van 'n eie republiek is die Afrikanerdom nou eensgesind.

„2. By die oorweging van die regeringstelsel vir die Republiek, is daar sekere grondwaaierhede wat in die oog gehou moet word, naamlik —

„(a) dat ons volk se regeringstelsel moet voortspruit uit sy eie bodem en volkslewe en nie slegs 'n nabootsing moet wees van 'n Britse, Duitse of ander stelsel nie;

PARTYSTELSEL

„(b) dat die Britse parlementêre stelsel soos in ons land toegepas, weggeveeg moet word omdat dit hier misluk het, wat elders ookal die geval mag wees, en dat dit 'n wanbegrip is om daardie stelsel te beskou as „die demokrasie” omdat dit hier eerder 'n karikatuur is van die demokrasie;

„(c) dat aan die ander kant die nasionaal-sosialistiese stelsel soos o.a. in Duitsland en Italië toegepas, slegs een politieke party toelaat en geen afwykende menings duld nie, en dat dit verkeerd sal wees om af te lei dat, omdat die stelsel in Duitsland wondere gewerk het, dit ewe goed by ons Afrikanervolk met sy verskillende volksaard en omstandighede, sal aanpas. Ons volk het van die begin af gevorder tot waar hy vandag staan omdat ons alreus van die reg van seggenskap in die landregering en van die reg van pro-

tes gebruik gemaak het. As onder 'n gedwonge eenpartystelsel daardie reg van protes nie bestaan het nie, sal daar vandag geen Afrikanervolk ge-wees het nie;

PAUL KRUGER

„(d) dat die stelsel van die Boere-republieke van Paul Kruger en van Marthinus

Vergelyk Dit

Vergelyk hierdie beleidsverklaring van die Federale Raad van die H.N.P. met die Burger se hoofartikel op hierdie bladsy. Let op die woorde „polisiestate” en „vryheid van spraak” en vergelyk dit met punt 5, paragrafe (1) en (5) van die Federale Raad.

Steyn hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil het en die soort demokrasie is wat die Afrikanervolk geken en uitgelewe het lank voordat die Britse stelsel in ons land ingevoer is.

„3. Op die stelsel van die Boere-republieke, wat ons volk se eie stelsel is, na gelang van omstandighede gewysig en verbeter, moet dus voortgebou word.

„4. In verband met ons Party se strewe na sy doelwit moet daarop gelet word dat met uitsondering van die een stelling

(nasionaal-sosialisme wat 'n gedwonge eenpartystelsel beteken), alles in die „Nuwe Orde” reeds openlik of by implikasie inbegrepe is in ons Party se programme van beginsels en aksie, of vanselfsprekend voortvloei uit die Party se republikeinse toekomsbeleid of orde.

„FERME HAND”

„5. 'n Groot deel van die bevolking van die Unie is die vyfde kolonne van 'n oorsese nasie en daarom sal die Republikeinse Regering die publiek met ferme hand moet beskerm. Dit bring mee —

„(1) dat die Republikeinse regering 'n geruime tyd volmag sal moet hê om die Republiek op vaste grondslae te vestig en om sy dringendste vraagstukke op te los;

„(2) dat vyandigesinde onnasionale elemente se seggenskap in ons volkslewe uitgeskakel sal moet word;

„(3) dat seggenskap in die Regering van die land sal toekom

Vandag vir Dr. Malan „Vreemde” Ideologie

aan diegene wat hulle met die volk vereenselwig en wat genoeg tyd gehad het om dit te doen (Ierland stel die woontydperk op sewe jaar);

EED VAN TROU

„(4) dat verder niemand seggenskap in die regering van die land sal hê tensy hy in alle opregtheid die eed van trou aan die Republiek kan sweer nie;

„(5) dat dié dele van die pers wat dan nog buitelandse belange dien of wat die Republiek probeer ongedaan maak skuldig sal wees aan verraderlike bedrywighede;

„(6) dat immigrasie onder die strengste beheer sal kom.

„(7) dat die Afrikanerdom onverbiddelik sy eis sal stel dat die Republiek op Christelik-nasionale grondslag sal berus en dat die kleurvraagstuk so opgelos sal word dat Suid-Afrika veilig gemaak sal word vir die blanke Christelike beskawing;

UITBUITING

„(8) dat iedereen die regmatige loon van sy arbeid sal kry en dat elke seksie beskerm sal wees teen uitbuiting.”

PERS RIG NUWE „SKEIDSMUUR” OP

In sy verklaring wat hy op Sondag, 9 Mei, uitgereik het, het dr. D. F. Malan uit sy pad gegaan om 'n verskilpunt met die Ossewabrandwag te soek deur hom 'n etiket van „nasionaal-sosialisme” om die nek te hang sodat hy hom in die oë van sy volgelinge kon regverdig vir sy vyandige houding tydens die verkiesing teenoor Afrikaners soos John Vorster. Hy het hom as volg uitgelaat:

„Geen een van beide (H.N.P. en A.P.) het enige ooreenkoms met die O.B.-organisasie nie, wat volgens verklaring van sy hoofde 'n nasionaal-sosialistiese of anti-demokratiese ideologie huldig..... Die O.B. beweer dat hy ernstig na volkeeenheid streef..... Laat hom nou ook ernstig daaraan dink dat die enigste wat hom van die Nasionale Party sowel as die Afrikanerparty skei, sy nasionaal-sosialistiese ideologie is wat vir die Afrikanerdom vreemd is... Neem daardie skeidsmuur weg

en môre is daar 'n end aan alle verdeeldheid en is alle nasionaalgesinde partye en groepe innerlik en uiterlik een.”

Die U.R. van die Grootraad het daarop die „nasionaal-sosialistiese skeidsmuur” wegge- neem in 'n verklaring van 15 Mei. Die Transvaler, waarvan dr. Malan 'n direkteur is, het dit sorgvuldig verswyg, terwyl ander H.N.P.-blaaie dit verwerp het met nuwe beskuldigings dat die O.B. „vinkel en koljander” met die Kommunisme is.

GEEN PARTYE IN REPUBLIEKE

Die Federale Raad van die H.N.P. het in sy beleidsverklaring van 1941, wat in hierdie uitgawe gepubliseer word, uitdruklik die Britse parlementêre of partystelsel verwerp ten gunste van die stelsel van „Paul Kruger en Marthinus Steyn.”

Het die partystelsel in die Boererepublieke bestaan? Indien ja, wie was die opposisie-leier in Transvaal en wie in die Vrystaat?

Daar was nie so iets nie om die eenvoudige rede dat daar geen partystelsel was nie en Oom Paul en Oom Piet, wat teenstanders was in die verkiesing, na die verkiesing in dieselfde kabinet gesit het.

Dit wil ook die Ossewabrandwag.

Grootpad na Kommunisme

Die parlementêre stelsel het in Europa voor die oorlog getoon dat hy die een volk na die ander verbreek tot so 'n magteloosheid dat net die Kommunistiese Party uiteindelik as 'n magsfaktor oorbly.

Dit was die geval in Duitsland waar daar in 1932 soveel as 47 politieke partye met mekaar geweddywer het oor wie in besit van die staatsmag sou kom.

Die Duitse volk was tot magteloosheid gedoem en slegs die vyfde kolonne van Moskou het in omvang en krag toegeneem, totdat Hitler op die toneel gekom het. Hitler het die partystelsel afgeskaf, en Duitsland het binne ses jaar sterk genoeg geword om ses jaar lank teen die res van die wêreld in 'n oorlog te staan. Die nasionaal-sosialisme was 'n stelsel vir Duitsland.

In Italië het sewentien partye in 1922 met mekaar stryd gevoer in die boesem van die magtelose Italiaanse volk, totdat Mussolini met sy Fascisme gekom het — van wie Churchill gesê het dat hy Italië van die kommunisme gered het. Dit was 'n stelsel vir Italië.

356 PARTYE

Kort gelede het daar 'n verkiesing in Italië plaasgevind waar die partystelsel deur die oorwinnaars heringevoer is. In plaas van die sewentien partye van 1922 het daar hierdie keer 356 partye aan die verkiesing deelgeneem. En hoewel dit nie Moskou was wat die verkiesing gewen het nie, word algemeen aanvaar dat die ander partye nie in staat sal wees om die kommunistiese mag lank te weerstaan nie. Die partystelsel het Italië vir die tweede maal magteloos gestel vir die kommunistiese aanslag uit Moskou.

V.S.A. Beslis Oor Britse Finansies

Brittanje het ingestem om die beheer oor die sterlinggebied aan die Verenigde State oor te dra. As gevolg hiervan het Brittanje opgehou om die rol van bankier in die sterlinggebied te speel, wat die dominiums en Indië sowel as Pakistan insluit. In plaas van dat die Bank van Engeland nou beslis hoe die Amerikaanse dollars aangewend sal word, selfs in Engeland, sal Amerika nou hieroor die seggenskap hê. Brittanje sal van tyd tot tyd verslag moet doen hoe die geld spandeer word. Amerika sal ook beslis watter van die krediteure Brittanje in dollar kan betaal en watter nie.

Hierdie beslissing maak Brittanje finansiële volslae onderhorig aan die V.S.A.

GROOT FUNKSIE ten bate van ons Kerkboufonds

PIENAARSRIWIER

MAANDAG, 31 MEI 1948 vanaf 10 vm.

KOM GENIET:

Pannekoek, Koffie, Vleis en Allerlei Lekker Boere-geregte en steun ons Boufonds.

KOM VROEG!
KOM SEKER!

„Kommunisme en O.B. is Vinkel en Koljander”

Na aanleiding van dié verklaring van die U.R. van die Grootraad oor „nasionaal-sosialisme” (wat uitgereik is nadat dr. Malan sonder enige grond nasionaal-sosialisme by die hare ingesleep het om sy vyandskap teen die O.B. tydens die verkiesing te regverdig), het Die Burger, hooforgaan van die H.N.P., hom o.a. as volg uitgelaat:

„As die verklaring namens die Grootraad van die O.B. beteken dat al sy besware teen die verlening van steun van die kant van O.B.-lede aan die Nasionale Party nou wegval, dan verby ons ons daarvoor. Suid-Afrika het by die aanstaande verkiesing die stem en steun van elke nasionaalgesinde vir die Nasionale Party en die Afrikanerparty nodig. As die verklaring verder beteken dat die O.B.-leiding afstand wil doen van sy leer van 'n gesagstaat of van 'n partylose staat, van die vernietiging van partye en van sy anti-demokratiese beleid in die algemeen, dan sal daar dubbele vreugde wees.

„POLISIESTAAT”

„Ons vrees egter dis nie die

bedoeling agter of van die verklaring nie. Daar word blykbaar getrag om 'n onderskeid te maak tussen die nasionaal-sosialistiese staat en die gesagstaat of partylose staat, wat saam met die kommunistiese staat en ook ander van totalitêre aard — as daar nog die-sulkes is — tog die groot eenderse kenmerk het dat hulle partye en demokratiese vryhede soos die vryheid van spraak onderdruk en as diktature of polisiestate almal ewe vreemd aan ons volksaard is. Ten opsigte van hul anti-demokratiese houding is hulle trouens soos vinkel en koljander.”

Die Vrystaatse H.N.P.-blad, Die Volksblad, het 'n gelykluidende hoofartikel bevat.

Is Federale Raad en Dr. Malan Uitgeskop?

Op sy vergadering te Krugersdorp op 19 deser het mnr. J. G. Strydom, H.N.P.-leier in Transvaal, volgens Sapa berig, die diskriminasie van die H.N.P.-leiding teen O.B.-lede wat 'n partylose staat voorstaan, as volg verdedig, nadat hy gesê het die O.B. is teen die demokrasie en teen politieke partye:

„Hoe kan die party lede van die O.B. toelaat om lid te word met inagneming van sy beginsels? Solank O.B.-lede in hul organisasie bly, kan hulle nie lede van die party wees nie en daar kan geen ooreenkoms tot samewerking wees nie.”

Ons vra: Het die H.N.P. as party in Maart 1941 ook teen dr. Malan gediskrimineer toe hy die volgende beginsel van dr. Malan in ag moes geneem het:

„Die demokrasie soos ons hom ken — of die Britse parlementêre stelsel, wat ons nie met die demokrasie moet verwar nie — is 'n karikatuur van demokrasie. Wat dit betref het ek geen beswaar dat dit weggeveeg word nie.” (Vgl. Die Burger 21 Maart 1941).

Het die H.N.P. as party ook toe besluit om „geen ooreenkoms” met sy Federale Raad aan te gaan toe laasgenoemde die volgende beleidsverklaring aangekondig het onder die titel „Die Republikeinse Orde” — Federale Raad van Herenigde Nasionale Party of Volksparty se Verklaring:

„(4) Wat ook al ten gunste van die Britse parlementêre stelsel in ander dele van die wêreld gesê mag word, is dit, uit die volksoogpunt beskou, in Suid-Afrika in ieder geval 'n mislukking gewees ...

„(6) Die boerenasie ... het in die Boererepublieke 'n stelsel ontwerp wat ons eie is, wat hemelsbreed van die Britse parlementêre stelsel verskil en tog ook op demokratiese grondslag berus ...

„(11) Dit is soveel te minder nodig omdat met die stigting van die Republiek die republi-

keins regering in ieder geval geruime tyd volmag moet hê om alles te doen wat nodig is om die republiek op vaste grondslae te vestig en om sy dringendste vraagstukke op te los.”

Ons herhaal: Het die H.N.P. toe ook gevoel om te diskrimineer teen dr. Malan en die Federale Raad omdat hulle pre-

Het Selfde Gesê as O.B. Oor Partye

sies gesê het wat die O.B. vandag nog sê?

En sover ons weet is hierdie verklaring nog nooit herroep nie!

Indien nie, waarom is teen die O.B. gediskrimineer en 'n ooreenkoms geweier tydens 'n verkiesing wat glo net oor „blanke Suid-Afrika” gegaan het?

STUDENTE-FRONT IN LEWE GEROEP

Ten einde alle O.B.-studente met hul gemeenskaplike belange aan al ons hoër onderwysinrigtings saam te snoer, het die Grootraad van die Ossewabrandwag daartoe oorgegaan om 'n O.B.-studentefront in die lewe te roep wat aan 'n lang gevoelde behoefte voldoen. In hierdie verband doen die Studenteleier van die Ossewabrandwag, hskomdt. J.H. Coetzee van Potchefstroom, die volgende oproep:

Die A.N.S. waarin Studentelede van die Ossewabrandwag 'n plek gehad en dwarsdeur die land voeling met mekaar verkry het, was een van die slagoffers van die volksverbroekende mania van die oorlogsjare en daarna.

Daardeur het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n ander liggaam wat die O.B.-studente 'n tuisde sou bied as studente en terselfdertyd as lede van die Ossewabrandwag.

In hierdie behoefte word nou voldoen deur die stigting van 'n O.B.-Studentefront deur die Grootraad. Die eenheid sal dien om die O.B.-studente met hulle gemeenskaplike belange en oor-

eenstemmende omstandighede plaaslik en uniaal saam te bring. Terselfdertyd kry hulle 'n plek in die groter republikeinse volksbeweging, die Ossewabrandwag.

BESONDERE TAAK

As besonder bevoorregte volksjeug, het die O.B.-studente ook 'n besondere volksverantwoordelikheid. Hulle is vanweë hulle bevoorregte geleenthede die toekomstige leier-dienaars in kleiner en groter kring. Ook in die republikeinse Volksbeweging het hulle 'n besondere plek en taak ten opsigte van die uitbouing en uitdra, in woord en daad, van die O.B.-beleid en -ideologie: volksbroederskap en volkshoederskap!

DADELIK

O.B.-studente aan alle inrigtings vir hoër onderwys word derhalwe opgevorder om sonder enige versuim met behulp van die O.B.-offisier 'n studenteenheid te stig, 'n leier aan te stel en te rapporteer aan Die Studenteleier, Boerejeug-hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria.

Besonderhede oor die verdere organisasie sal later verstrek word.

Laat ons dadelik die organisasie in orde bring; daar is baie werk wat wag.

Grobler, Posbus 8576, Johannesburg).

WAAROM?

Die vraag wat opkom, is natuurlik: Waarom kon dr. Malan tydens die verkiesing wat nie oor „die geskille tussen die O.B. en die H.N.P.” gegaan het nie, nie ook sy mense vra om vir 'n kandidaat in Brakpan te stem wat 'n O.B.-lid is nie, net soos hy wel steun belowe het aan kol. Stallard se kandidaat omdat die verkiesing wat hulle betref, nie oor 'n republiek of imperialisme gegaan het nie.

Waarom het dr. Malan ter verdediging van sy verkiesings-twis met die O.B. dan juis aangevoer dat die O.B. se „nasionaal-sosialistiese ideologie” in die pad van samewerking staan?

(Let wel, dit het gegaan oor samewerking tydens die verkiesing net soos dr. Malan tydens die verkiesing bereid was om met kol. Stallard saam te werk).

Mnr. Strydom Oor O.B. En Verkiesing

„Die verkiesing gaan nie oor die geskille tussen Die O.B. en ons nie, maar oor die geskille tussen ons en die Smuts-party en oor die vraag of Suid-Afrika 'n witmansland gaan bly of nie,” het mnr. J. G. Strydom, H.N.P.-leier in Transvaal, Dinsdag, 18 Mei, op Krugersdorp verklaar in antwoord op die vraag van 'n O.B.-offisier aangaande sy houding teenoor die O.B., en of hy hom sal beywer om die geskille tussen die twee organisasies uit die weg geruim te kry.

Mnr. Strydom het gesê dat die geskille voortspuit uit sekere doelstellings van die O.B. wat hemelsbreed verskil van dié van die H.N.P. Die H.N.P. se grondslag is demokraties en dit is ook die grondslag van die hele Afrikanerverlede. Die O.B. het waarenteen onder meer die volgende doelstellinge:

(1) Die vernietiging van die demokrasie; (2) die vernietiging van alle politieke partye en dus ook van die H.N.P., om daarna 'n gesagstaat of partylose staat, wat maar net 'n ander naam vir 'n diktatuur is, tot stand te bring.

Een van die griewe van die O.B. teen die H.N.P. is dat die party sy lede nie wil toelaat om terselfdertyd ook lid van die O.B. te wees nie. Vervolgens het mnr. Strydom verklaar dat dit die plig van die O.B. is om net soos die Gryshemde onvoorwaardelike steun toe te sê aan die H.N.P. — (Berig deur B.

H.N.P.'s Hoor in Gordonia O.B. se Standpunt

Genl. W. R. Laubscher het 'n reeks vergaderings gedurende die afgelope week langs die Oranjerivier gehou. Oral het groot getalle persone uit alle dele opgedaag, veral op Mercantile waar ondersteuners van die H.N.P. en V.P. met groot aandag geluister het. Die sug na eenwording het duidelik geblyk uit vrae oor die metode van en voorwaardes vir ooreenkoms. Gewone lede van die H.N.P. was baie gretig vir samewerking en sluiting van vrede met die O.B., en betreur openlik die onversoenlike houding van hul hoofleiding.

Op Uppington het gen. Laubscher 'n skare van 1,000 mense toegesprek in die ope lug, en 'n goeie indruk gemaak. Op Prieska het hy in dieselfde saal 'n vergadering toegesprek nadat die H.N.P.-kandidaat, mnr. P. K. le Roux, 'n vergadering gehou het. Die aanwesiges waarvan nege-tiendes H.N.P.-lede lede was, het bly sit nadat mnr. Le Roux die vergadering toegesprek het, en aandagtig toegeluister. Gen. Laubscher het verklaar dat hy en plaaslike leiers van die O.B. samesprekings gevoer het met die kandidaat en plaaslike leiers van die H.N.P. met die oog op samewerking. Hierdie samesprekings het op 'n doelpunt uitgeloop omdat die kandidaat weier om enige ooreenkoms met die O.B. aan te gaan en vrede met die Beweging te sluit. Gevolglik het gen. Laubscher gesê, kan O.B.-lede in die kiesafdeling Victoria-Wes onder geen omstandighede aangeraai word om vir mnr. Le Roux te stem nie. Na afloop van die toespraak het mnr. Le Roux op uitdagende wyse vrae gestel waaruit sy vyandskap duidelik blyk. Nadat gen. Laubscher duidelik geantwoord het op die vrae het mnr. le Roux en sommige van sy aan-

hangers die saal verlaat, terwyl die res ter afsluiting staande Die Stem gesing het. — (Berig deur P. J. Taljaard, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIEMS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bph
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET DIE JONGSTE WETENSKAPLIKE METODES Met Verbasende Uitslae GEEN MEDISYNE! GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuiverhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

Sal op H.N.P. se Kongres Voorstel

In die samewerkingsooreenkoms wat verlede week deur mnr. J. H. Abrahams, H.N.P.-kandidaat vir Groblersdal, onderteken is, onderneem mnr. Abrahams om by die volgende H.N.P.-kongres voor te stel dat daar 'n gees van samehorigheid tussen die H.N.P. en die O.B. gekweek moet word. Hy sal ook voorstel dat daar onderhandelings tussen die twee organisasies aangeknoop sal word en dat 'n grondslag van samewerking gevind moet word wat gegrond is op onderlinge vertroue en eerbied.

WAARDE

KWALITEIT

VERSKEDENHEID

UNIEWINKELS

Bepers

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

DIE O.B., WOENSDAG, 26 MEI 1948

WAAROM?

Ons plaas in hierdie uitgawe twee beleidsverklarings oor die toekomstige republiek, die een van die Grootraad soos in 1943 geformuleer, en die ander van die Federale Raad van die H.N.P. Ons laat dit aan ons lesers oor om self te oordeel of die twee beleidsverklarings 'n skeidsmuur vorm wat so dik en so hoog is dat selfs in 'n verkiesing wat oor „blanke Suid-Afrika” gevoer word, die H.N.P. nie bereid is om die hand van die Ossewabrandwag terwille daarvan te vat nie. Op 'n vraag te Worcester het dr. Dönges hierdie beleidsverklaring van die H.N.P. verlede week erken, sodat dus aangeneem kan word dat dit nog steeds die party se „toekomsbeleid” is.

Maar as dit dan so is, waarom beskuldig dr. Malan en Die Burger die O.B. dan dat hy 'n „ondemokratiese” ideologie nastrewe en dit op 'n tydstip wanneer nie die O.B. nie, maar dr. Malan die beleid of veronderstelde beleid van die Ossewabrandwag bysleep in 'n verkiesing wat volgens die H.N.P.-leiding net oor die vraag gaan of Suid-Afrika „'n witmansland” sal bly?

As dit nou 'n egte verskilpunt was, dan kan mens al moeilik verstaan waarom dr. Malan dit in die verkiesing bysleep, maar nou is dit heeltemal 'n kunsmatige geskil. Want as die O.B. se „vervanging van die verdelende partystelsel” deur 'n „verenigde volkspolitiek” ondemokraties is, dan is „wegveging” van die „Britse parlementêre stelsel” nie minder ondemokraties nie. Maar ons stem saam met dr. Malan en sy Federale Raad dat daar baie vorms van demokrasie is, en dat die Britse parlementêre stelsel op sy beste 'n karikatuur van die demokrasie is.

REPUBLIEK

Dr. Malan het dit baie duidelik op die Paarl en ander plekke gestel dat die verkiesing nie oor die republiek gegaan het nie en dus ook nie oor die republikeinse staatsvorm wat sowel die O.B. as die Federale Raad voor oë het nie.

Waarom dan die O.B. se beleid kom bysleep as ekskuus vir die H.N.P.-leiding se weiering om „blanke Suid-Afrika” se kandidate in Roodepoort en Brakpan te ondersteun in 'n verkiesing oor die vraag „of Suid-Afrika 'n witmansland gaan bly?”

Indien beslissende setels vir dr. Malan in hierdie verkiesing verlore geraak het, sal die volk weet wie om te blameer: die man wat op 21 November 1947 te Paarl ten spyte van toenbestaande vyandskap, gesê het: „ons is nou bondgenote,” of die man wat die O.B. se republikeinse staatsvorm ingesleep het in 'n verkiesing wat hoegenaamd nie oor 'n republiek gegaan het nie, ten einde daarmee die uitbreiding van sy vyandskap en diskriminasie tot in die hoofbestuur van sy bondgenootparty goed te praat.

Nou Vorentoe!

Die verkiesing oor „blanke Suid-Afrika” loop vandag ten einde. In hierdie verkiesing het dr. Malan met die grootste beslistheid 'n poging aangewend om 'n wig tussen die K.G. en sy volgelinge, tussen O.B. en O.B., en ook tussen die O.B. en die Afrikanerparty in te dryf. Dit was die motief agter sy kongresbesluite in September verlede jaar en die daadwerklike uitvoering daarvan in die aangesig van die grootste verbystering van die volk.

Daar het dan ook in sommige kiesafdelings aansienlike verwarring geheers oor wat die Ossewabrandwag te doen staan. In meer as twintig H.N.P.-setels het die kandidate egter plaaslike vredes gesluit en het die Ossewabrandwag selfs vanuit ander kiesafdelings waar hulle buite stemming gebly het, besluit om die vriendskaplike kandidate te hulp te snel met motors en persoonlike bystand. Hier en in die tien A.P.-setels het Afrikaners van alle groepe in 'n gemeenskaplike stryd gegaan en daardeur groter krag geopenbaar as wat gemobiliseer kon word in die dampkring van dr. Malan se Afrikanervervolging.

In hierdie kiesafdelings het die Afrikaners dan ook ondervind dat daar baie weinig tussen hulle staan wanneer dr. Malan se kwaadwilligheid opsy geskuif word. Hier sal vrede en eensgesindheid dan ook in die toekoms heers in belang van ons volk.

In kiesafdelings waar nie sulke vredes gesluit was nie, het die meerderheid O.B.-lede buite stemming gebly in 'n poging om dr. Malan tot besinning te bring. Andere het egter onder die indruk van die verkiesingshistories gekom en kon die drang na die stembus nie weerstaan nie. Hulle het die K.G. se leiding seer sekerlik bemoeilik en dit, is te hope dat hulle na die verkiesing, wanneer hulle weer normaal begin dink, sal besef dat die K.G. baie verder gesien het as hulle. Hulle het dit egter goed met hulle volk bedoel. Dit was onder die besef dat hulle iets vir hul volk doen, dat hulle gaan stem het. En in daardie lig moet hul optrede dan ook met liefde deur ander O.B.-lede gesien word. Die verkiesing is verby; laat dit rus. O.B.-lede sal mekaar nie verwyf oor wat daar gedoen of gesê is tydens die partypolitieke epidemie nie. Ons sal sorg dat dr. Malan, al het hy miskien daarin geslaag om sommige O.B.'s tydelik te laat wankel, nie in sy doel slaag om die O.B. te skeur nie. Daarom wend ons nou die oog weer na vore, meer beslis as ooit om hierdie stelsel met sy sinlose haat en kunsmatigheid „weg te veeg” soos dr. Malan dit uitgedruk het.

DAARVOOR HET ONS DIE OSSEWABRANDWAG!

DUITSE VOLK GETREF DEUR AFGRYSLIKE LOT

Hoe dit werklik in die Russiese besettingsgebied van Duitsland toegaan, blyk uit 'n brief van 'n Duitse soldaat wat tydens die oorlog anti-Nazi was, en nou in Russies-Duitsland verkeer. Sy verhaal is onlangs in Brittanje gepubliseer.

Hy skryf onder meer dat die Duitse volk teen 1945 sat was vir die oorlog en dat hulle Stalin se soldate met oop arms sou ontvang het as hulle hul net anders gedra het met hul aankoms in Duitsland. Almal het egter geweet hoe primitief die Russe is, dat hulle geen radio's, fietse of horlosies ken nie, en dat hulle met houtlepel eet. Die volle werklikheid het egter eers tot die Duitse volk deurgedring toe die besetting van Duitsland in alle erns begin het.

EEU AGTER

Die Russe is vandag presies waar die Duitse volk in 1860 was, verklaar die skrywer. Hulle is minstens 'n 90 jaar agter die beskawing. Daarby is hulle gelooft in die dinge wat vir hulle op papier geskryf word, kinderlik. Hulle glo alles en meen dat alles wat vir hulle op hierdie manier voorgedra word, werklik uitgevoer sal word.

Wat in die konsentrasiekampe in Duitsland aangegaan het, daarvan het die gewone Duitser niks geweet nie, verklaar die soldaat „maar as iemand my wil kom oortuig dat die Russe beter is, dan bejeen ek hom met vergagting.”

YROUE-SLAWE

„Ek het gesien hoe Duitse soldate in Russiese kampe by die honderde doodgeskiet word. In elke Russiese kamp is omtrent die helfte van die Duitse gevangenes dood van honger. Ek het met baie vroue gesels — ek herhaal vroue — wat meer as 'n jaar in die Russiese slawekampe in Sibirië gewerk het. Hulle is in staat om syfers te noem. In die somer van 1945 is uit die 2,500 vroue wat in Duitsland bymekaar gemaak is en met veetrokke na Rusland geneem is, 1,500 dood.

MILJOENE

„Duitse vroue is nie by die duisende deur die Russe verkrag nie, maar by miljoene. Die Lente van 1945 het ons meteens 10 jaar ouer gemaak. Wanneer mans mekaar ontmoet, dan vra hulle: „Goeie genugtig, is dit jy?”, maar as vroue mekaar ontmoet is die eerste vraag wat hulle aan mekaar vra: „Is jy gespaar?”. Kinders is in die teenwoordigheid van hul ouers en vroue in die teenwoordigheid van hul mans oteer.

„Daar is baie dogters in dieselfde klas as my dogter wat dieselfde lot getref het, niteenstaande hulle maar veertien jaar oud is. God alleen weet hoeveel mans doodgeslaan is omdat hulle hul vrouens en kinders wou beskerm.

KINDERS VAN 9 JAAR

Jong kinders van nege jaar en ou grootmoeders van 80 jaar het slagoffers geword van geslagsiektes.

'n Vriend van my, hy was 26 jaar oud, is doodgeskiet omdat hy probeer het om sy vrou te beskerm.

„Gedurende die nag weergalm dit in die dorpe van vroue wat skree. Moeders steek hulle dogters vir weke weg; sny hulle hare kort en laat hulle seunsklere dra. Die eerste woord wat die Russe in Duitsland geleer het, is: „Frau komm hier” (kom hier vrou!).

SELFMOORD

„In ons klein dorpje was daar 1,100 selfmoorde en in die plek waar ek voorheen gebly het was daar 3,000 selfmoorde. As ons mans alles kan vergeet, ons vrouens kan nie.

Die soldaat verklaar dat tydens die Duitse veldtog in Frankryk daar ook geslagsvoorvalle plaasgevind het, maar dit het op wedersydse instemming berus. „Ek weet net van een geval van verkragting en beesagtigheid en is die betrokke soldaat in albei gevalle voor 'n militêre hof gedaag en doodgeskiet.”

„UHRI! UHRI!”

Die tweede woord wat die Russiese soldate in Duitsland geleer het, was: „Uhri! Uhri!” (Uhr=horlosie; die „i” agteraan

is 'n Russiese meervoudsuitgang).

Niemand in Duitsland was in staat om sy horlosie te behou nie. Ek glo, so vertel die soldaat, dat daar in die hele Duitse leër nie 1,000 soldate was wat nie 'n horlosie gehad het nie. Maar in die Russiese leër was daar seker nie 'n 1,000 wat horlosies besit het nie. Russiese offisiere gaan van huis tot huis met 'n pistool en eis elke horlosie op. Russiese soldate keer dikwels treine voor en ondersoek alle passasiers vir horlosies en juwele. As so iets plaasvind dan waag die Duitsers nie om daarvan te praat as Russiese soldate nie, maar uit vrees vir vervolging praat hulle van „soldate met 'n vreemde aksent.”

In die strate, so vertel die soldaat, speel die Duitse kindertjies vandag „Uhri! Uhri!” en „Frau komm.”

ONTHEILIGING VAN SONDAG KOM SAAM MET IMMIGRANTE

Die „British Overseas Club,” 'n vereniging wat deur Britse immigrante in Suid-Afrika gestig is met die doel om die Britse gees te bestendig en immigrante wat aankom tuis te maak, het nou daartoe oorgegaan om 'n „Sunday Social Club” te stig waar immigrante en hul vriende hul Sondae met biljartspel en dans vermaak.

Die klub gebruik die kamers van 'n dansskool in Kaapstad en lede van die klub bring hul Sondae hier op 'n „social manner” deur. Die eintlike bedrywigheid is Sondae-aande wanneer daar geleentheid is om kaart en biljart te speel en om vir jou 'n dansmaat saam te bring en die aand op die maat van musiek deur te bring. Ander persone, wat nie immigrante is nie, word ook toegelaat om lede van die klub te word. Daar word 'n maandelikse fool gevra en lidmaatskapkaartjies uitgereik.

TRADISIES

Sulke Sabbatsontheiliging kan mens wel verwag as die volk oorstroom word met immigrante wat niks weet van die Afrika-nervolk se beginsels en tradisies nie en wat geen respek daarvoor het nie. Hulle kry ook weens hul massabinnekomms geen geleentheid om die volk se tradisies aan te neem nie.

Dit is te begrype dat die Britse immigrante niks verkeerd hiermee sal vind nie aangesien dit 'n algemene praktyk in Brittanje is om Sondag as 'n dag

van sport en vermaaklikheid te vier. Selfs toe die Britse koning onlangs hier was het hy nie geskroom om op Sondag tennis te speel nie.

Brandvlei Hou Vandag Funksie

Genl. Schalk Nel van Brandvlei wat die laertrek te Worcester bygewoon het, het onmiddellik na sy terugkoms sy kommando bymekaar geroep om die lede in te lig oor die gewichtige besluite wat op die Worcesterse byeenkomms geneem is. Na sy breedvoerige uiteensetting van die idees wat hy daar gekry het, het hy die vergadering gevra om, indien daar lede is wat nie saamgaan met die Worcesterse besluite nie, tog hulle redes voor die vergadering te lê. Daar was niemand wat besware gehad het nadat hy herhaalde male gevra het om daarmee na vore te kom. Die vergadering het dus sonder een enkele teenstem heelhartig die Worcesterse besluite aange- en ondersteun.

Hierna het hoofgenl. W. P. Burger 'n paar bemoedigende woorde gespreek.

Na 'n offisiële vergadering is besluit dat O.B.-dag vanjaar in hierdie kommando op 1 Julie gehou sal word, omdat dit die beste tyd sal wees om die mense bymekaar te kry — in die vakansie.

Daar is ook besluit om op 26 Mei (verkiesingsdag) op die plaas van veldkornet A. J. Burger bymekaar te kom vir juk-skei en verversinge waarvan die opbrengs sal gaan na die Hoofkwartier.

(Berig: W. P. Burger, Skanskliip, oor Brandvlei.

Nuwe Koningin Vir Holland

Prinses Juliana is verlede week ingesweer as regent van Nederland. Sy sal teen September bewind aanvaar. Koningin Wilhelmina het so pas aangekondig dat sy afstand sal doen van die troon ten gunste van prinses Juliana. Koninging Wilhelmina sal in Augustus 68 jaar oud wees. Sy sal dan ook haar 50-jarige bewindaanvaarding gedenk.

Partystelsel Engeland Se Ondergang Sê Blad

„Wat in werklikheid hier voor ons oë plaasvind is die geleidelike mislukking van die partystelsel as gevolg van die verval van die partye self,” skryf die Britse maandblad, The Patriot, na aanleiding van die „euwels wat hierdie land (Brittanje) teister.” Die blad verklaar dat beroepsverteenvoording in Brittanje baie beter in staat sou gewees het om die probleme op te los as die huidige partybewind.

Die probleme in Brittanje is geweldig vergroot as gevolg van die optrede van die huidige regering, verklaar die blad. Die koers wat vandag ingeslaan word, is besig om die pad van Kommunisme voor te berei. Hiervoor is die partystelsel wat besig is om te verval verantwoordelik.

„As dit die laaste stadium van die stelsel is, dan is dit ongelukkig dat die Sosialiste op hierdie tydstip aan bewind is wat ten spyte van hulle beweerde demokrasie, niks meer demokraties is nie as die monargistiese stelsel 400 jaar gelede op hierdie eiland.

GEEN AANDEEL

„Dit is te betwyfel of enige partystelsel demokraties kan wees, omdat die party wat aan bewind is altyd deur 'n groep persone geopponeer word. Hierdie groep kan net so wel vyf jaar lank van hul stemreg beroof wees; hulle het geen kans om die persone wat hulle regeer of wan-regeer te beïnvloed nie.

„Dit is opvallend dat die Sosialiste wat nou aan bewind is en oor 'n groot meerderheid in die parlement beskik, aan be-

wind gekom het deur 'n klein meerderheid stemme. As 'n vorm van demokrasie, maak dit geen sin nie.

BEROEPSVERTEENWOORDIGING

„In hierdie dae van industrialisasie kan 'n baie beter stelsel daargestel word deur die parlement saam te stel uit sake-en werksmanne met beroepsverteenvoording in plaas van plaaslike verteenwoordiging.”

Die blad betoog dat onder die huidige stelsel die belange van die party swaarder weeg as dié van die land.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Waarom Eers Ná Verkiesing?

Mnr. M. J. Volschenk, Allemorgens, oor Tounsvier, skryf:

Omtrent 'n sekere voorstel van mnr. J. P. Stassen, Wierdabrug, Pretoria in Die O.B. dat ons alle vyandskap tussen die O.B. en die H.N.P. voor die verkiesing moet vergeet, en dan later op broederlike wyse oplos, wil ek een en ander sê. Waarom het u nie gevra dat dit voor die verkiesing plaasvind nie, dan is ons mos altwee veilig?

Ek was bly toe ek Die O.B. van 12 Mei oopmaak en agt kandidate se name sien wat voor die verkiesing vrede gemaak het.

Ek is bly vir hulle moed en trou teenoor die volk. Veral wil ek die naam van mnr. J. H. Klopper van Vredefort noem.

Ek sien ook dat afgevaardigdes van Pretoria-Distrik die drie leiers van die O.B., A.P. en H.N.P. wil vra om 'n ooreenkoms te maak. Nou sal die volk sien wie die leiers is wat hulle wil saamsnoer teen die Smutsbewind en wie die leier is wat weier om vrede te maak en ook die uitmekaarjaer van die volk is.

Aan Dr. Malan

Mnr. J. Bezuidenhout, P.K. Ohristad:—Ek wil graag 'n paar vrae deur middel van u geëerde blad vra. Die eerste is aan dr. Malan, leier van die H.N.P.

Dr. Malan, waarom het u destyds die Godsbediening bedank? Was dit nie om die Afrikaner-volk bymekaar te bring nie? En wat doen u nou weer? Net om vir die soveelste maal te wys dat u dieselfde volklike weer in die harnas wil ja teen mekaar.

En in verband met Brakpan: Val u weer soos 'n slegte hoenderier in u stoel neer net soos die tyd toe genl. Hertzog u gevra het om saam met hom te werk en die volk weer bymekaar te bring?

Ek en so baie ander bittereinders sluit ons aan by wat kapt. Henri Slegt kamp van Middelburg onlangs in die blad gesê het.

En dr. Malan, hoe lank wil

u nog onder 'n Jan Smuts injaag? Nee doktor, ons bedank baie hartlik vir jou. Ons is al sat van jou stories. Vra na Gods hulp. Lees 2 Samuel 5:24 en 2 Timotheüs.

Ek wil die moeders van die volk vra om tog ernstig vir ons volk te bid. (Brief verkort).

Bewyse Nodig Nie Skimpe

Mnr. F. W. Burnett, Pinelaan 8, Port Elizabeth, skryf:

Na aanleiding van mnr. Gideon Burger se brief in u uitgawe van 5 Mei, l.l., sou ek graag tot u voetnoot wou byvoeg, dat hierdie „demokraat” natuurlik nie weet dat sedert die afsterwe van president Kruger, tot, en met toetreding van dr. Van Rensburg — geen Afrikanerpolitikus gevind kon word wat bereid was om sonder vet salarisse te „offer” nie, maar wel word die volk op hul politieke pynbank van verdeel-en-heers geoffer. Die één om vet besoldiging met verantwoordelikheid — die ander om dieselfde rede — sonder verantwoordelikheid.

Die Kommandant-generaal het nie alleen finansiële, maar ook geestelik die toets van waaragtige leierskap skitterend deurstaan en na drie jaar van „Demokratiese” vrede met die kommunistiese oorwinning, styg Hans van Rensburg en sy „Idee” nog steeds hoër asof met arendsvlerke.

Ja! Hier voorwaar is die Van Rensburg-vuurtjie wat uitlek bo die Malan-rook. Volksofferande met martelaarsidealisme maak leiers, mnr. Burger. Nee, menceer, laat hulle maar eers konkrete bewyse bring van hul „Irene-hek” elke Donderdagaand, voordat hulle hul £1,000 vra.

Menceer Burger, u skimpe, vrees ek, sal jou nie £1,000 ryker maak nie. Terloops, dr. Verwoerd het op Alberton die Pensioen-storie aan flenters geskeur!

Korrespondensie

„Oom Paul se Seun, Kaapstad”: Ons moet verlof hê om u naam en volledige adres saam met u brief te plaas om te kan voldoen aan die vereistes van die Kieswet.

„Volk Sal U Repudieer”

Kapt. H. T. Slegt kamp, D.T.D., P.K. Middelburg, Tvl.:

Aangaande die waarskuwing wat dr. Malan gerig het aan alle H.N.P.-lede om geen plaaslike ooreenkomste met die Ossewabrandwag aan te gaan nie, wil ek aan hom se: dit sal u doodvonniss as leier beteken. Vergeet nie dat dit die volk is wat sy leiers uitroep nie en hulle het ook die hoogste stem en as u teen die wil van die volk handel, sal u leierskap in die asblik te lande kom.

Hoe lyk dit al vir u, hoe klink die volkstem al vir u in Rustenburg, Vredefort, Pietersburg, Ventersdorp, Kroonstad, Marico en Heilbron en nou ook weer Middelburg en na my ter ore gekom het ook Groblersdal?

Dr. Malan daar is 'n Hoër Wese wat u sien. Wees gewaar-sku.

LEWENSKOSTE STYG

Die lewenskoste in die Unie het gedurende April nogmaals gestyg. In vergelyking met Maart toon dit 'n styging van punt ses. Die lewenskoste is dus nou in vergelyking met voor die oorlog 45.1 persent hoër.

Handhaaf Sy Kongresbesluit

Genl. W. J. C. Steenkamp, Calvinia, berig:

Soos die Grootraad besluit het, kan ons plaaslike ooreenkomste tref met die H.N.P. Ek het 'n poging aangewend met die kandidaat, mnr. P. J. Luttig. Hy wil egter onder geen omstandighede 'n ooreenkoms sluit met die O.B. nie, net met die Afrikanerparty (wat hulle reeds aangegaan het) en veral nie voor die verkiesing nie. Na die verkiesing sal hy 'n ooreenkoms sluit maar nie skriftelik nie. Hy bly by hul Kongresbesluit.

Op ons offisiërsvergadering het ons besluit om buite stemming te bly. Maar indien die H.N.P. ons nader in verband met samewerking voor en na die verkiesing, sal ons saamwerk.

Die H.N.P.'s het my toe genader, maar soos ek reeds vermeld het, die kandidaat het geweier vir enige ooreenkoms voor die verkiesing.

NOODHULP VIR DUITSLAND DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:

- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, Hoopstraat 105B,
PRETORIA. KAAPSTAD.

● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●

DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423

POSBUS 2120

DAMESROKSTOWWE:

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

HEMDE:

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word

Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.


Verspreiders van TOOTAL fabrikate

Maak u eie STENE met die

KLEINE WONDER

SEMENT-STEENMAAKMASJIE

Die „KLEINE WONDER” stel u in staat om sementstene te maak op die plek—soveel as wat nodig is, waar en wanneer hul nodig is. Daarbenewens stel die welgevormde, volkome reghoekige standaardgrootte „Kleine Wonder”-stene die messelaar in staat om baie meer stene per dag te lê en minder pleister (messelkalk) te gebruik. Die pleisterer spaar ook tyd en pleisterkalk, omdat daar nie ongelyke dele is om op te vul nie. Die „KLEINE WONDER” sonder onderdeel kos slegs



£20 v.o.s. Hopefield. Onderdeel £10 ekstra maar enige stewige stellasse kan vir hierdie doel gebruik word.

Handelsnavrae word verwelkom Voortrekkerstraat, Hopefield. Posbus 18. Telegramme „BUHR” (3)

J. H. BUHR

VRUGTEBOERE,

U koop jaarliks bemestingstowwe en spuitstowwe van die een of ander firma. U ondersteun hom daardeur, maar het u hom al gevra of hy u blad met advertensies ondersteun? Solank u dit nie doen nie, ag hy dit nie nodig om dit te doen nie.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

PIEK. — Aan Johannes en Alet (geb. Vawser) 'n lief dogtertjie op 25 Mei in Die Laan-verpleeginrigting. 'n welkom sustertjie vir haar drie boeties. Almal wel. Innige dank aan die Goëe Gewer, ons Dokter en die verpleegsters. Stellenbosch.

HUWELIK

HICKMAN—RAATS. — Ons twee, Veldkte. A. C. Raats A1a6, dogter van mnr. en mev. F. J. Raats van Franschhoek en Wag. H. Komdt. H. T. Hickman, Generaalskap A1, seun van mnr. en mev. E. H. Hickman, Kaapstad, maak hiermee bekend dat ons gaan trou D.V. op 29 Mei 1948 om 2.30 nm. in die Grootte Kerk, Kaapstad. Geen kaartjies. Gelukwensing: K.T.K. Telegramme: Tamboerskloofweg 4, Kaapstad. 26/5/1B.

BOME, PLANTE EN SAAD

LUSERSAAD. — Vars saad, standaard gehalte. Doddervry. f9 per sak, 203 lb., gelewer Oudtshoorn-stasie. K.M.B. — D. S. DU TOIT, P.K. Armoed, Distrik Oudtshoorn. 14/4/TK

ERTE. — Goewermments-gesertifiseerd. Greenfeast goed skoongemaak f6/10/- per sak. Ongesertifiseerd f5 per sak, 200 lbs., V.O.S. Oudtshoorn. — **KARROO SAAD VERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 7/4/8

GOEWERMMENTS-GESERTIFISEERDE Donker Detroit Beetsaad 5/-, Chantenay Wortelsaad 7/6, Silver King Uiesaad 8/6 per lb. Posvry. Vra pryslys van **PREMIERS**, P.K. Schoemanshoek Oudtshoorn. 21/4/TK

GRONTESAAD. — Goewermments-gesertifiseerd. Detroit en Egiptiese Plat 5/- per lb. Chantenay-Wortel 7/6 per lb. Posvry. Skryf: **KARROO SAAD VERSPREIDERS**, Posbus 107, Oudtshoorn. 7/4/8

ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES, Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan **LA MOTTE-KWEKERY**, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

GEMENG

BREIWERK AANGENEEM: — Stuur wol, mate en patroon aan — „**MARYNA**”, Ribboksfontein, **GARIES**. 4-draad wol 1/6; 3-draad 1/9; 2-draad of moeilike patrone 2/3 per ons. Nie Rokke nie. 26/5/1B.

GRAFSTEENMAKERS. — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die S.A. **GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIEENS)** **BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telephone—5-4420 en 5-02823.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolteerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.**, Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK.

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS**, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

MEUBELS — Ons sal u huis of kantoor volledig Meubeleer teen billike maandelikse paalemente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met pryslys. Ook in voorraad: Draadlose windlaaiers, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminium-kastrolle in stelle van 3, ens. — **UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.**, Victoriaaweg 171, Woodstock. 12/11/TK.

RADIO

LOUW EN LOUW. die Beroemde Radio-Ingenieurs. Stasieweg. PAROW. verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

PLAAS TE KOOP

BABANANGO-AREA. 1.000 morges groot, uitstekende bees- en skaapplaas, volop water, swartwattels, goeie woonhuus, ens. Prys f2/15/- per akker. Doen aansoek by **VOORSLAG (EDMS.) BPK.**, Posbus 1411, Kaapstad. 5/4/TK

TE KOOP AANGEBIED

Enige hoeveelheid dag-oud kuikens dadelik verkrygbaar. Australorps f7, Leghorns en Kruis teen f6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Waarborg sterk kuikens.

Kuikens word gebroei van hennet wat uitgesoek is deur elenaar wat alreeds twintig jaar ondervinding en 'n groot sukses van hoenderboerdery gemaak het. — **H. R. MALAN**, „Wetevrede Plumveeplaas,” P.K. Kerstfontein, PAARL. Foon 6203. 14/4/TK

PATATS. — Lekker vars patats teen 12/6 per sak. Gelewer my syllyn. K.M.B. Asook weeklikse afsendings. — **P. J. GERBER**, Hoekwil, George. 28/4/TK

SOUT TE KOOP

BOEK u bestellings vir vroeë aflewering sodra sout verkrygbaar is: A1, f4; No. 1, f3/15/-; No. 2, f3/10/-, per ton; 100 pond fyn bottersout 6/-, vrygelaa Soutwerke. Bestel: **Komdt. mev. MARTIE VENTER**, P/sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 5/5/TK

Pretoria-Mark PRINSLOO EN VENTER

MARKAGENTE

Van der Waltstraat 268
Posbus 361 - Foon 2-2208

PRETORIA

(Mede-eienaar en Bestuurder:
J. P. BOTHMA)

Garansie van f2,500 by die Staat

Probeer ons vir beter diens!

SKRYF OM GRATIS

* ETIKETTE

* MARKVERSLAE
ENS.

OFFISIERE!
AANDAG!

HET U DIT AL
PROBEER?

Verlede keer het ons aan die hand gedoen dat u meer kleiner funksies in u afdeling organiseer i.p.v. een of twee algemene funksies.

By sommige (nie almal nie) van hierdie byeenkomste, sal die doel wees om fondse in te samel, en wel deur die verkoop van eetware, koffie ens. U sal nou vind dat dit baie aangenamer en makliker gaan, om op so 'n aandjie nie per pannekoek of per koeldrank te laat betaal nie, maar liever 'n silwerkollekte te vra. Dit bespaar nie alleen moeite nie, maar skep 'n aangename gesellige gees, en daarby sal u waarskynlik ook vind dat dit finansiële meer vrugte gaan afwerp!

Mnr. Havenga
Weerlê Malan

Op 'n vergadering te Worcester verlede Vrydagaand het mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty; op 'n vraag wat verwys het na dr. Malan se uitlating dat hy en mnr. Havenga reeds in 1947 ooreengekom het om geen O.B.-lede as kandidaat toe te laat nie, ontken dat dit die geval is.

Mnr. Havenga het gesê dat hy alles in sy vermoë gedoen het om 'n versoening tussen die H.N.P. en die O.B. te bewerkstellig. Wat homself betref het hy sy party opgestel vir O.B.-lede-sonder enige diskriminasie. Maar in die betrokke gevalle was die H.N.P.-leiding weens sekere kongresbesluite nie bereid om vir kandidaat te stem wat ook lede van die Ossewabrandwag is nie. Dit was die enigste rede waarom hulle nie kon staan nie. Spr. hoop egter dat die moeilikhede tussen die O.B. en die H.N.P. eerlang uit die weg geruim sal word. Hy kan geen rede sien vir so 'n stryd nie.

GEBIED F REËL
GROOT LAERTREK

Die Ossewabrandwag van Gebied F nooi alle Brandwagte uit na 'n groot laertrek wat te Coopersdal in die Oos-Transvaalse Laeveld vanaf 6 tot 13 Julie aanstaande gehou word.

Soek u 'n aangename vakansie-oord vir Julie 1948? Kom dan na Oos-Transvaal. Besoek die Krugerwildtuin of gaan maak kennis met Lourenco Marques en reël dit met gemak sodat u ook die Laertrek bywoon te Coopersdal reg op u pad.

Die laer sal as volg ingedeel word:

- (a) Mans en Boere-seuns.
- (b) Vroue en Boeredogters.
- (c) Gesinslaer. Waar die gesin graag saam wil bly, word so gereël dat gesinne apart saam getrek word.


BENODIGDHEDE

Tente. Elke gesin of groep moet vir hul eie tente sorg.

Lanterns moet gebring word. O.B.- en F.A.K.-sangbundels. Bybel, Psalm- en Gesangboek. Skryfbenodigdhede en aanteekeningboek. 4 Komberse. Kampbed of matras. Hoed of helmet. Skeergereedskap. Ekstra paar skoene. Jas. Stoel. Wasbare klere. Tandeborsel. Emmertjie, skottel en spieël. 2 Handdoeke. Seep. Skoenwaks en borsel.

LAERFOOI

- (a) Elke volwasse persoon

Dr. MALAN ONTWYK
VRAAG OOR FONDSE

Minister J. H. Hofmeyr het dr. D. F. Malan verlede week uitgedaag om te ontken dat die H.N.P. die Republikeinse Strydfonds, wat ingesamel is met die doel om 'n Republiek daar te stel, gebruik vir sy huidige verkiesingsveldtog wat nie oor 'n republiek gaan nie.

Dr. Malan het nie gewag om op hierdie uitdaging te antwoord nie maar hy het in gebreke gebly om dit te ontken. Nadat hy mnr. Hofmeyr se eie verlede aangeroei het, het hy verklaar:

„Wat die republikanisme van ons Party en ons Party-fondse betref, is dit genoeg as ek minister Hofmeyr herinner aan sy eie eertydse republikanisme en aan die gebruik wat hy op 'n latere stadium daarvan gemaak het in 'n poging om plek in die Nasionale Party-kabinet te verkry soos daarna in die Volksraad deur dr. H. H. Moll geopenbaar is.

„As lid van daardie kabinet mag ek hiervan meer weet as vir minister Hofmeyr gerieflik mag wees, en ek sou hom daarom aanraai om by moontlike toekomstige uitdagings die naam van ons Party-fondse maar liever buite rekening te laat.”

Aangesien dr. Malan nie die aantygung ontken nie, maar slegs dreig, moet die volk hiervan aflei dat hul geld wat ingesamel is met die doel om 'n republiek te propageer, nou gebruik is vir 'n gewone party-verkiesing waartydens die republiek in die yskas gebere was?

Dis beslis 'n delikate vraag vir dr. Malan.

Ideale Vakansie

en verblyf-koste van jeuglede.

(c) Boerejeugorfisiere en lede wat nie die laerfooi kan betaal nie, is baie welkom om die laertrek by te woon. Moet nie dat die laerfooi u weghou nie.

(d) As die hele gesin kom, is die laerfooi as volg: Ouers f1 elk en 10/- vir elke kind bo ses jaar.

Alle lede van die Ossewabrandwag wat die laer wil bywoon moet asseblief vroegtydig in verbinding tree met die Stafhoof, Gebied F, Posbus 1230, Pretoria. Doen dit gou; u sal nie spyt wees nie.

HUWELIK WAT SELFS
AMERIKANERS ONTSTIG

Wanneer dit die bruid, sowel as die bruidegom se vierde huwelik is terwyl jy nog sommer in jou fleur is, dan is dit al erg, maar as die vierde huwelik plaasgevind slegs drie dae nadat verlof om egskieding toegestaan is, dan is dit darem te erg. So meen ook die Amerikaners wat gaande geraak het oor die huwelik tussen rolprentster Lana Turner en multi-miljoenêr, Bob Topping.

In Amerika is daar 'n storm ontketen oor hierdie huwelik wat glo f10,000 gekos het en die predikant wat hierdie mense getrou het, moes ook deurloop onder die kerklike gesag omdat die huwelik nie strook met kerklike opvattinge nie.

Die bruid se toerusting kos niks minder as f7,500 nie.

Intussen het die vorige vrou van Hope, Arline Judge, wat weer gaan trou met George Ross, aangekondig dat sy van plan is om met 'n swierige huwelik haar vorige man se huwelik ver in die skadu te stel.

DIE O.B.-LEIERS:
BOEREHELD WAT KANON EN
PANTSERWA GEBOU HET

In sy stryd om die regsak van die Afrikaner te verdedig, het hoofgeneraal A. J. Wahl van Bitterfontein, reeds twee keer as rebel na die wapen gegryp en as gevolg daarvan maande lank in die tronk deurgebring. Dit was sy afdeling wat die eerste skote in Kaapland op regeringstroepe geskiet het. Dit was ook hy wat tydens die Engelse oorlog, op bevel van wyle genl. Manie Maritz, 'n kanon uit stukke pomp gemaak en 'n gepantserde trok uit staalplate moes bou om die Engelse uit hul vesting te skiet.

Genl. Wahl wat reeds nege-en-sestig jaar oud is, is op 25 Augustus 1879 in die Paarl gebore. Onder die leiers van die Ossewabrandwag is hy seker een van die merkwaardigste figure, wat ure aaneen van die ondervindings kan vertel sodat almal aan sy lippe hang. Sy opleiding het hy in die ou Gymnasium te Paarl, wat nog deur die Noorder Paarl-kerk gestig is, ontvang. Daarna het hy hom bekwaam in die wamakersberoep en in 1900 sy eie wamakersbesigheid in die, Bokveld, naby Nieuwenhoudtville, begin.



Hoofgeneraal A. J. Wahl.

Hier het hy in 1901 as rebel by genl. Manie Maritz se magte aangesluit en vir 'n tyd lank rapporte gery tussen die kommando's van genl. Maritz en dié van Kaptein Gideon Scheepers en genl. Wynand Malan. Later het hy op die staf van genl. Maritz gedien.

ONDERVINDINGS

Ons laat genl. Wahl self aan die woord om van sy ondervindings te vertel: Op Concordia moes ek op bevel 'n kanon maak om 'n sekere Shelton's Fort in O'Kiep mee in te neem. Dit het as volg gebeur: Die loop van die kanon was van 'n dik staalpyl wat ons in 'n ou myn opgetel het. Hierdie pyl het ons toe agter toegeprop. 'n Gat moes net voor die prop in die pyl ingeboor word om te dien as sensgat (vir die lont). Die lont sou dan in die sensgat kom, 'n klomp kruit in die loop gegooi word en die „koeël” daarna. Ongelukkig het ons die dikte van die prop swak geskat en die sensgat het 'n hele ent voor die prop deur die pyl gegaan. Ek het toe aan my helper gesê dat ons die ruimte tussen die sensgat en prop met lood moes opvul. Ongelukkig moes ek dringend daar weg voordat dit gedoen kon word en terwyl ek weg was, het genl. Maritz daar aangekom.

HAASTIG

Nouja, genl. Maritz was 'n ongeduldige man en by hom moes alles net gou en haastig gaan. Hy het opdrag gegee dat die kanon gelaai en afgevuur moet word. Soos mens kan verstaan,

was voor en agter die sensgat, waar die lont deurgekom het, toe eweveel kruit, met die gevolg dat toe die kruit ontplof, die agterstuk van die kanon met prop en al net so ver agtertoe geskiet het as die koeël vorentoe. Nog 'n voorval by O'Kiep wat die lagspiere prikkel, het gebeur toe ek 'n gepantserde trok moes bou om O'Kiep mee in te neem. Die plan was dan om die trok stuk-stuk oor die berg te dra tot in 'n myn op die kant van die dorp vanwaar 'n spoortjie tot in die dorp aangelê was. Aangesien dit afdraend was van die myn tot in die dorp het ons aangeneem dat die trok vanself sou loop. Genl. Maritz en ek sou dan in die trok afgaan in die dorp en daar 'n klomp handbomme gooi terwyl 'n klomp manne in die myn sou agterbly met 'n staaltou wat aan die trok gekoppel was en waarmee hulle ons dan weer moes terugtrek tot in die myn nadat ons die bomme gegooi het. Ongelukkig het ons toe ons by die myn aankom, gevind dat dit vol Engelse was. Hierdie plan kon dus ook nie uitgevoer word nie. Van Namakwaland is ons kommando Boland-toe.

REBELLIE

Met die beëindiging van die oorlog het ons op Clanwilliam wapens neergelê vanwaar ons moes stap na ons huise. Na die vrede is genl. Wahl terug na die Bokveld waar hy in Julie 1903 getroud is. Uit die huwelik is een dogter en vyf seuns gebore. Met die uitbreek van die Rebelle in 1914 is ons deur mnr. Koos Strauss opgekommandeer om op 'n sekere datum op Calvinia te wees. Ek het egter op die gegewe datum met elf aanhangers in 'n teenoorgestelde rigting getrek. Ons enigste wapens was 'n Leemetford en 'n haëlgeweer. Die getal van my manskappe het aangegroei en die volgende dag kon ek met 35 manne optrek na Nieuwoudtville waar my verkenner die agtermiddag op die Regeringsverkenner geskiet het. Ek meen dat dit die eerste skote was wat binne die Unie-grense geskiet is. (Dit was ná die skote wat op Nakop in Suidwes deur genl. Maritz se manne geskiet is).

GENL. MARITZ

My plan was oorspronklik om Nieuwoudtville in te neem en daar ammunisie te kry. Die vinnige spoed waarop die Regeringsverkenner deur Nieuwoudtville gejaag het, het my egter oortuig dat daar niks van belang kan wees nie. Daarna wou ek optrek na Calvinia maar wou eers met genl. Maritz in aanraking kom. Ek het toe my laertjie in Doringrivier, onder Bokveldsberg, gelaat en vergesel van vier manne na genl. Maritz gaan soek.

Selmaat van
Genl. De Wet

Ek het genl. Maritz in Kakamas aangetref op dieselfde dag toe hy op Kelmoes geveg het en deur sy knie gewond is. Daar het ek ook saam met genl. Maritz en Piet de Villiers die vryheidsproklamasie uitgevaardig waarin ons Suid-Afrika tot republiek verklaar het.

OORGEEGE

Op Katkop het ons te hore gekom dat my kommandotjie oorgegee het. Alle ander patrolies wat deurgekom het, het al oorgegee; van die Vrystaat en die Transvaal het ek geen tyding gehad nie; ek was bevrees dat komdt. Joubert, wat voor die rebellie 'n baie prominente rol gespeel het, die doodstraf sou kry indien ons aktief tot opstand oorgaan, en om hierdie redes het ek 'n rapport na genl. Jaap van Deventer op Brandvlei gestuur dat ek sou oorgee op die volgende voorwaardes: (1) Niemand sou die doodstraf kry nie. (2) Die offisiere sou na kampe gestuur word tot die einde van die opstand terwyl die manskappe vrygespreek moes word. Genl. Van Deventer het ingestem en hoewel die offisiere na tronke i.p.v. kampe gestuur was, is die voorwaardes nagekom. Die 50 manne van die verdelingsmag by ons was dan ook die enigste lede van die verdelingsmag wat gerebelleer het en nooit in enige tronk of kamp was nie.

IN TRONK

Eksel self was vir tien maande lank in die Kaffertronk in Kimberley, een maand in Roelandstraat-tronk en ag maande in Johannesburg in die Fort waar ek die voorreg gehad het om saam met wyle genl. De Wet in dieselfde sel te slaap. Genl. Wahl dien die afgelope 29 jaar as kerkraadslid. In 1928-30 met die prof. Du Plessis-saak is hy as ouderling van die gemeente Nieuwoudtville na die Sinode afgevaardig. Hy was ook jare lank voorsitter van die ou Bondsparty in die Bokveld. Daarna was hy voorsitter van die Nasionale Party op Stofvlei asook voorsitter van die distriksbestuur vir die Wyk. In 1933 was hy afgevaardigde by die Koalisie-kongres op Somerset-Wes.

BY O.B.

„Met die stigting van die O.B. was dit dadelik my oortuiging dat dit die eenheid en daarom ook die redding van my volk gaan wees. „Ek het nog altyd my volk na die beste van my vermoë gedien en sal vandag nog my lewe gee vir die vryheid van die volk, en omdat ek gesien het dat die party-politiek my volk in die verdoemenis dompel, het ek met skeuring die O.B. gekies en hoop ek die paar jare wat die Here my nog mag spaar, my volk te dien binne die O.B. Ek voel myself in goeie geselskap in die O.B.; — tussen manne met 'n verlede agter hulle — manne wat vir hulle volk geoffer het en nog sal offer.”

Manie Maritz Erf
Sy Vader Se Krag

Op 'n goeie dag in die negentiger jare is 'n onbekende twaalfjarige boerseun deur 'n uitgegroeide natuur in die omgewing van Kimberley aangerand, maar vanweë die buitengewone krag van hierdie knaap het hy die natuur baasgeraak en onder gesit. Spoedig was hierdie knaap bekend vir sy buitengewone krag en behendigheid met die vuus en stoel. Dit was niemand anders nie as die latere genl. Manie Maritz.

Verlede week het die jonger spruit van die Boereheld, Manie junior, in Kaapstad getoon dat hy die krag van sy vader geërf het, toe hy as beroepstoeier sy rekord van 62 onoorwonne stoei-gevegte gehandhaaf het teen Tony Matulovich wat hy met twee valle teen nul in die Kaapstadse stadssaal verslaan het. Maritz met sy buitengewone behendigheid en die feit dat hy steeds op die aanval bly, het Matulovich reeds in die vyfde ronde so pap gehad dat hy hom kon vasdruk op die mat. Die Joegoslaviër het daarna nie kans gesien vir nog 'n ronde nie en die aftog geblaas. Manie het so pas teruggekeer van 'n stoeitoer in Engeland waar hy teen die beste matmanne van Engeland en ander lande geveg het, en onverslaand daarvan afgekom het. Hy is nog maar 'n beginner in die stoeikuns en is kort gelede deur Bul Hefer van Kaapstad ont-

dek, wat hom afgerig het en tans sy bestuurder is.

DIT IS 'N
TRAGEDIE

'n Klaaglied dat Brittanje „die beste van sy manne” as emigrante verloor, word tans aangehef in Britse vakbondkringe. „Dit is 'n tragedie om na die hawe van Londen te gaan en te sien hoe vrag na vrag van die blom van die Britse mannekrag vertrek”, het vakbondleier C. H. Whittome op die kongres van Britse elektriese werkers verklaar. Hy het gesê dat sedert 1935 meer as 600,000 Britte hul land verlaat het of planne maak om pad te gee. Hierdie Brit besef natuurlik nog nie dat die emigrasie uit Brittanje ten doel het om die ryksbande te versterk nie.

OFFISIERE VAN GEBIED F.



Genl. G. H. Beetge van Pretoria-Wes en genl. Jan Kruger van die Koster-Zeerust-generaalskap.

Het U Al 'n Intekenaar
Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..... vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:
.....
.....

Handtekening.

Intekengeld: 10/- per jaar of 5/- per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Het H.N.P. Klaar As Bondgenoot Erken — Helaas!

Op 21 November verlede jaar in die Paarl het die K.G., dr. Hans van Rensburg, aangekondig dat die Ossewabrandwag voortaan in die H.N.P. 'n bondgenoot sien en nie 'n vyand nie.

„Ons is bondgenote en mens baklei mos nie met jou bondgenote nie; mens baklei met die vyand en dié sit in die Unie-gebou, nie in die O.B. of die H.N.P. nie. In vadersnaam, derhalwe, laat ons nou elkeen na vore kyk en nie na die flanke nie. Die flanke is deur die samewerking gedek. Die vyand staan voor.”

So het die K.G. gesê nadat hy beklemtoon het dat die

O.B. 'n tuiste binne die Afrikanerparty gekry het, en dat die Afrikanerparty 'n bondgenoot van die H.N.P. is.

Met ander woorde, dr. Van Rensburg was bereid om in November verlede jaar te berus by die toe bestaande vyandskap van dr. Malan teenoor die O.B. en ten spyte daarvan die H.N.P. as 'n bondgenoot te aanvaar.

Dr. Malan was egter nie bereid om die vyandskap te laat soos dit op 21 November bestaan het nie. Hy het by die onderhandelings aan die begin van die jaar van mnr. Havenga geëis om geen O.B.-lid as kandidaat te stel vir die Afrikanerparty nie. Hy wou dus sy vyandskap ook oordra na die binnekring van die Afrikanerparty. Ook daár moes teen die O.B. gediskrimineer word, so nie weer dr. Malan sy party se steun aan mnr. Havenga. Dit het mnr. Havenga baie duidelik op Hobhouse verklaar.

DIE OORSAAK

En dit was ingevolge hierdie uitgebreide vyandskap van dr. Malan dat dr. Van Rensburg sy onvoorwaardelike steun van 21 November vervang het deur sy eis dat kandidaat plaaslike vredes met die O.B. moet sluit voordat die O.B. hulle kan steun.

Maar ook hierby wou dr. Malan dit nie laat nie. Hy het in 'n verklaring wat hy op Sondag, 9 Mei, aan die pers uitgereik het, uitdruklik sy kandidaat belet om plaaslike ooreenkomste aan te gaan.

Verantwoordelikheid vir die O.B. se onttrekking aan die verkiesing in kiesafdelings waar die kandidaat dr. Malan se vyandskap onderskryf, rus dus ten volle op die skouers van dr. Malan.

Ooreenkoms op Heidelberg

In nog 'n Kaaplandse setel is 'n vrede tussen die O.B. en H.N.P. gesluit. Dit is in Bredasdorp en die ooreenkoms lui:

„Met die oog op die gevare wat ons volk bedreig voel ons dat dit gebiedend noodsaaklik is dat elke nasionaalsgesinde stem teen die huidige bewind uitgebring moet word. Daarom voel ons verder dat dit gebiedend noodsaaklik is dat alle misverstand tussen Afrikaners en Afrikanerorganisasies uit die weg geruim behoort te word en dat alle kwetsende en steurende besluite en maatreëls teen mekaar gewysig of herroep behoort te word, en ons sal ons vir sulke herroeping beywer.

„Ons onderneem gevolglik wedyersyds om elke poging aan te wend om mekaar te steun en te help om op hierdie pad en in diens van die Afrikanervolk mekaar te vind en hartlike samewerking te bewerkstellig.”

Die ooreenkoms is te Heidelberg onderteken deur mnr. D. C. H. Uys (kandidaat), F. Uys (voors., H.N.P.), J. J. Langenhooft (Dist.-leier) en J. Uys aan die een kant, en namens die O.B. deur mnr. J. L. Swart (genl.), N. Uys (komdt.) en M. L. Geldenhuys.

SLAAN PLAT

Die O.B.-blad is die enigste medium waardeur die publiek in kennis gestel kan word van die Ossewabrandwag se standpunt en beleid. Slaan plat die mure van boikot wat verhinder dat die publiek weet wat u Beweging en u leier sê! Gee Die O.B. aan u vriende en vra hulle om in te teken!

O.B.-MOTORS NA VRIENDSKAPLIKE KIESAFDELINGS

In die Boland het talle O.B.-lede in kiesafdelings waar vyandiggesinde kandidate van die H.N.P. staan, onderneem om vandag hul motors beskikbaar te stel aan die twee kandidate wat vrede gesluit het, naamlik te Vasco en die Paarl.

Hoofkomdt. Strauss van Tiervlei, wat baie beslis was om sy mense buite stemming te hou indien mnr. Hennie van Aarde geen vrede sluit nie, het onmiddellik nadat die onderhandelings misluk het, sy offisiere en brandwagte versoek om soveel motors as moontlik

oor te bring na Vasco om die H.N.P.-kandidaat daar by te staan in sy opdraande stryd.

Mnr. Van Aarde was bereid om die O.B.'s slegs as Afrikanerparty-lede of as „Afrikaners” te erken, maar nie in hul hoedanigheid as O.B.-lede nie.

Ook op Malmesbury het die O.B.-offisiere besluit om motors na die Paarl en Vasco te stuur in geval die kandidaat weier om vrede te sluit. Hy het tyd gehad tot Maandagaand om sy woord in die openbaar te gee.

ONTHOU:

Indien u 'n funksie wil hou:

- (1) Reël dit goed.
- (2) Bepaal tyd en plek vroegtydig.
- (3) MAAK GOED BEKEND!

As u 'n saal moet huur, waarvoor u baie moet betaal, maak deeglike gebruik daarvan deur bv. die middag 'n basaar, die aand 'n ete, en daarna volkspele te hê.

NEUTRALE ONDERWYS SWAAR SLAG NET VIR PROTESTANTE

Godsdiensonderrig sal voortaan in Amerikaanse openbare skole verbode wees as gevolg van 'n bevel van die Amerikaanse Hooggeregshof. Die hof het besluit dat geen openbare skoolgebou gebruik mag word vir die onderrig van godsdiens nie. Dit geld vir alle gelowe.

Die hof baseer sy beslissing op sekere amendemente in die Amerikaanse grondwet wat gaan oor die wetlike bepaling ten opsigte van godsdiensonderrig.

Hierdie bevinding is die klimaks van 'n lang stryd en raak die beweging wat hom beywer het vir godsdiensonderrig in die openbare skole besonder swaar.

Van hierdie bevinding skryf The Southern Cross, die Katolieke blad in Suid-Afrika, as volg:

„Kinders in Katolieke skole sal oor die algemeen nie deur hierdie beslissing getref word nie, maar die Protestantse kinders wel. Die Kerk (Katolieke) het wyselik 'n stelsel van enge Katolieke skole opgebou om te verseker dat die Katolieke kinders behoorlik onderrig word. Dit het 'n aansienlike las vir die Katolieke beteken, maar hulle opoffering is ten volle geregverdig”, aldus die blad.

Hierdie voorval herinner sterk aan ons eie toestand in Suid-Afrika waar die „gewetenskousule” ons hoëronderrig beginneloos gemaak het, en die laeronderrig ook maar baie te wense oorlaat.

Alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe, tensy anders vermeld, is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.

Samewerking In 40 Setels

Teen die end van verlede week het reeds 29 kandidate van die H.N.P. plaaslike vredes met die Ossewabrandwag gesluit. In 'n paar was daar nog onderhandelings aan die gang, waarvan ons nog nie berig ontvang het toe ons ter perse gegaan het nie.

Saam met die Afrikanerparty-setels is daar dus minstens 40 kiesafdelings waar die Afrikaners verenigd in die stryd optree. Dit kon op alle plekke die geval gewees het, indien dr. Malan nie volhard het met sy dwase diskriminasie teen die O.B. nie.

Al ses Pretoria se kandidate het Saterdag vrede gesluit, o.a. mnr. J. E. McCord, kandidaat vir Pretoria Stad en verder mnr. J. C. Louw van Caledon.

Indien O.B.-lede in kiesafdelings waar geen vrede gesluit is nie, buite stemming bly, is dit goed om daarby te onthou dat die „H.N.P.-organisasie”, volgens verklaring van Die Transvaler van 15 April, in die enigste kiesafdeling waar die nasionale kandidaat ook lid van die O.B. is, nie aan die verkiesing deelgeneem het nie.

DR. DÖNGES

Op die laaste dag voor die verkiesing het dr. T. E. Dönges die volgende verklaring i.v.m. die Ossewabrandwag gedoen:

„Ek nooi die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en alle ander groepe, sowel as persone wat aan geen groep behoort nie, wat saam voel met die Nasionale Party in sy strewe om 'n blanke Suid-Afrika te bestendig, om vir daardie doel saam te stry op 26 Mei en daarna.

„Almal wat die uitnodiging aanvaar sal natuurlik as gelykwaardige medestryders in hierdie gewichtige stryd erken word.”

„Verkiesingsbom’ Raak nie O.B.

Van H.N.P.-kant is een strook deur in die binnekamer aan O.B.-lede gesê dat daar geen samewerking met die Ossewabrandwag kan wees nie omdat die regering dan 'n „verkiesingsbom” in voorbereiding het teen die O.B. — sekere onthullings aangaande die O.B. se oorlogstydse bedrywighede. Baie O.B.-lede het geneig gevoel om dit as 'n gegronde argument te aanvaar.

Die „verkiesingsbom” het toe uiteindelik oor die naweek gekom. Dit was nie teen die O.B. nie, maar teen die Broederbond. Die H.N.P. word beskuldig daarvan dat hy 'n werktuig van die Broederbond is en dan word laasgenoemde se doelstellings met groot verontwaardiging in die regeringspers aangekondig. Die vraag is nou of die H.N.P. hom voortaan openlik sal disassosieer van die Broederbond en of dr. Malan sy kandidaat sal vra om uit die Broederbond te bedank, aangesien dit die party se verkiesingskanse by die Engelse net in gevaar sal stel. Ons neem aan dat hy dit nie sal doen nie, en daarmee verval dan ook die ekskuus waarom daar nie met die O.B. saamgewerk kan word nie.

Dat dit inderdaad ook nie die ware rede vir die weiering van samewerking met die O.B. was nie, blyk uit die feit dat die H.N.P.-kandidate, en selfs dr. Malan te Paarl, op elke vergadering hul bes gedoen het om 'n O.B.-offisier op die verhoog saam met hulle te hê. So by voorbeeld het ds. Pienaar onmiddellik ná dr. Dönges se Engelse toespraak op Worcester verlede Vrydag, aan die woord gekom en as O.B. gepraat. Toe was daar geen vrees dat hy

Engelse stemme sou wegjaag nie!

Ossewabrandwag Se Tiende Verjaardag

Die Stafhoof van die Boerejeug, skryf:

Op 8 Augustus is die Ossewabrandwag tien jaar oud. Om hierdie heuglike gebeurtenis te herdenk is dit die voorneme om spesiale Verjaardagseëls te laat druk en aan lede beskikbaar te stel.

Die ontwerp van die seëls moet egter ook 'n voortbrengsel van die Ossewabrandwag wees en daarom nooi ons lede uit om aan 'n ontwerp-kompetisie deel te neem. Aan die prysweners loof ons 'n bedrag van drie ghienies uit terwyl aan die insender van die tweede beste ontwerp £1-11-6 betaal sal word.

Die ontwerp moet (1) 6½ dm. lank en 5 dm. breed en in een (swart) of twee (swart en rooi) kleure op 'n wit agtergrond geteken wees; (2) tipend wees van die geskiedenis en voorwaartse beweging van die Ossewabrandwag oor die afgelope 10 jaar; (3) die volgende woorde insluit: Die Ossewabrandwag, Tien-de (of 10de) verjaardag, 1938—1948 (indien verkies mag die leuse ook ingevoeg word). Die skets moet duidelik genoeg wees om tot ongeveer 1 vk. duim verklein te word.

Mededingers mag meer as een ontwerp instuur. Alle ontwerpe wat ontvang word en die gebruiksregte daarvan sal die eiendom van die O.B. word en bly. Die beslissings van die beoordelaars sal finaal wees.

Alle ontwerpe moet Die Jeugstafhoof, Posbus 1059, Pretoria, nie later as 19 Mei 1948 bereik nie. Moet nie u naam en adres vergeet nie!

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOOR-SLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.